

the conceptual content of Ju/'hoan mythology represent beliefs from two different historical strata'. Subsequent work has since added considerable weight to this insightful suggestion. Indeed, a significant strength of *Women like meat* is that Biesele - despite the lapses noted - not only recognised but at the beginning of the 1980s was willing to address 'surprising similarities' among 'Bushman' throughout southern Africa as well as 'substantial contact with economies other than hunting and gathering', even in the Dobe-NyaeNyae area thought by her Harvard colleagues to have remained relatively isolated. Biesele assumed a rather more shallow history for those contacts than is now documented and did not give adequate consideration to the possibility that the central place of cattle and iron in some of the tales parallels the known presence of these non-forager elements in archaeological sites in the Ju/'hoan area beginning about 2000 years ago. nevertheless, she concludes that '[t]hrough the Ju/'hoansi seem isolated to us their culture is a complex set of influences, and of references to other times and places'. That was a noteworthy insight at a time when isolation was a watchword of 'Bushman' studies and remains a salutary recognition regarding any culture too often forgotten by anthropologists to this day.

In closing, I must point out two annoying editorial oversights. The first is the printing of = for the alveolar click 0, the second is the non-correspondence between chapter numbers in the text and the notes; both, especially the second, detract from the ease of reading. Beyond this, I miss the many other texts on the origin of death, the division of the social world, and other topics that are the meat of the materials collected by Biesele and look forward to their promised publication. I am sure Biesele's analysis of their contents will be as insightful as those she presents here.

Edwin N Wilmsen
Department of Anthropology
University of Texas

E.J. Carruthers, *Sandton, The Making of a Town*, Credo Press, Rivonia, 1993, 80pp. Illus. ISBN 0-620-18091-9.

Dr. Jane Carruthers is verbonde aan die departement Geskiedenis van die Universiteit van Suid-Afrika. Sy spesialiseer in stedelike en omgewingsgeskiedenis. Etlieke publikasies in hierdie rigting het al uit haar pen verskyn, onder meer *Sandton*, *Randburg*, *Kaapstad* en die *Kruger Nasionale Wildtuin*. Die boek onder bespreking is die 25-jarige feesuitgawe oor die wordings- en ontwikkelingsgeskiedenis van Sandton.

Met die oogopslag is die versorging van die publikasie treffend en voorsien van 'n keurig-geïllustreerde voorblad en teks. 'n Interessantheid van die teks is dat geen oorspronklike foto's benut is nie, maar slegs illustrasies soos uit die pen van mnr. Duncan Butchart. 'n Paar netjiese kaarte is ook toegevoeg om die leser tot die ligging van die Johannesburg-omgewing te oriënteer.

Die inhoud van die publikasie is duidelik chronologies georganiseer en voorsien van etlike bylaes wat handel oor die geskiedenis en herkoms van die dorpswapen, die naam Sandton, die eerste burgemeester en stadsklerk, 'n lys van burgemeesters van Sandton sowel as die bestuurstruktuur van die Gesondheidsraad vir Buitestedelike gebiede.

In die loop van vyf hoofstukke bespreek die skrywer die inwoners van prekoloniale Sandton, gevolg deur die boere en kleinboere tot en met die stryd om munisipale status van die Gesondheidsraad vir Buitestedelike gebiede en die verkryging daarvan in 1969. In die bespreking is dit die totstandkoming van plaaslike bestuur in die besonder, gekoppel aan prominente persone en komitees, wat uitgelig word. Die skrywer slaag daarin om op 'n gemaklike verteltrant die leser toe te lig.

Heelwat interessantheid word uitgewys. Hieronder tel die bydraes van die Steentyd-inwoners te Lone Hill en Norscot Koppies waar yster-wapens en landbou implemente vervaardig is sowel as die vestiging van die Eerste Voortrekkers. Opvallend egter is dat die skrywer heelwat gebruik maak van bykomstige inhoud om milieu te skep. Dit kan plek-plek as pluspunt vir die publikasie gesien word. Dog werk die nodigheid van sommige inhoud en bykomstighede vrae:

Is die illustrasie soos op p. 33 gepas en uniek aan Sandton?

Is die omvattendheid waarmee die Gesondheidsraad vir Buitestedelike Gebiede (in hoofstuk drie) asook Randburg (in hoofstuk vier) bespreek en toegelig word nie oordrewe boduurwerk nie?

As't ware word die reeds beknopte publikasie ontnem van ander tersaaklikhede waarop dieper toeligting verwag word, maar grotendeels ontbreek. Hieronder tel die infrastrukturele gesteldheid van die Sandtongebied voor 1899 en kort daarna (bv. onderwys voor 1899, die wet- en ordestruktuur na 1899, godsdiensbeoefening voor en kort na 1899 en die ekonomiese gesteldheid en afhanklikheid van die omgewing na 1902).

Alhoewel die skrywer in die teks haar oorwegend daarop toegespits het om te verduidelik hoe Sandton dorpsstatus verkry het, het die inhoud dalk te veel van 'n plaaslike History from above - kleur. Meer diepte oor ontwikkeling op alle lewensterreine, oftewel 'n plaaslike History from below mag die leser 'n beter beeld van Sandton en al sy mense gee as wat tans die geval is.

Ongeag die voorafgaande vrae is die publikasie 'n nuttige en 'n waardevolle toevoeging tot die bestaande streekstudie van Suid-Afrika, en waarin die bydrae daarvan veral tot die geskiedenis van plaaslike bestuursontwikkeling strek.

E.S. van Eeden
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys